

30 April

**Skrifgedeelte: Esegïel 18-19
Fokusgedeelte: Esegïel 18:25-31**

Wys eerder die vinger na jouself

Iets wat vir die mense van Esegïel se tyd baie moeilik was, was om hand in eie boesem te steek. Van die begin van die boek af is dit duidelik dat Esegïel die woord moes gaan verkondig aan 'n volk wat dit nie wou hoor nie. Hulle wou nie hulle eie sonde besef nie, hulle wou nie na God se Woord luister nie, hulle het die profeet laat swaarkry en het eerder net geglo wat hulle self wou glo. Algaande het dit egter begin duidelik word dat die ballingskap nie gou gaan eindig nie, anders as wat hulle gehoop het. Dan begin hulle kla. Aan die begin van Esegïel 18 sê hulle dat dit wat hulle ervaar nie hulle skuld is nie, maar hulle voorouers s'n. In antwoord hierop beklemtoon Esegïel die mens se persoonlike verantwoordelikheid. Dan sê die volk dat God nie reg maak met hulle nie. Dis 'n klagte wat gelowiges dikwels het, al sê hulle dit nie. As die lewe verkeerd loop, dink 'n mens maklik dat jy nie verdien het wat met jou gebeur het nie. Esegïel wys die volk egter daarop dat hulle hulle hand in eie boesem moet steek. Hulle lewe was verkeerd en hulle wou dit nie erken nie. Hulle moet hulle bekeer en dan na God se oplossing vir hulle ellende soek. Vir ons het Jesus die straf van die sonde gedra, maar tog is die sonde in ons lewe 'n hindernis vir 'n lewende verhouding met God. Wys dus maar eers vinger na jouself!

Sing: Psalm 32:1

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)